

HOëRSKOOL BRANDWAG (2026)



REGLEMENT VIR TOEKENNINGS

1. Doelstellings

- Om aan die leerder erkenning te gee dat hy/sy hom/haar op een of ander gebied onderskei het.
- Om leerders aan te spoor tot deelname, beter prestasie en talentontwikkeling.
- Hierdie reglement dien dan ook as assesseringstruktuur vir prestasiebeloning op elk van die terreine hierin vervat.

2. Toekennings kan op die volgende terreine gemaak word:

1. Akademie
2. Sport
3. Kultuur
4. Diens
5. Debutante
6. Pom-poms
7. Skoolkoerant
8. Boekklub
9. VLR en Leierskap
10. Getroue Skoolbesoek
11. Sportman / Sportvrou
12. Kultuurdogter / Kultuurseun
13. Veelsydigste leerder

3. Algemeen

1. 'n Leerder wat erekleure ontvang, is geregtig daarop om 'n erekleure-baadjie en das te dra en ontvang ook 'n erekleure-balkie wat aan die onderkant van die linkerkantse bosak vasgewerk word.
2. 'n Leerder wat 'n merietetoekenning ontvang, ontvang 'n merietebalkie wat ook aan die linkerkant van die baadjie vasgewerk word.
3. Toekenning van erekleure, merietetoekennings en sertifikate berus uitsluitlik by die Bestuur van die skool en die toekenning mag geweier word aan enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan die oortreding van skoolreëls of

enige ander optrede wat die naam van die skool skade aandoen. Die Bestuur behou ook die reg om erekleure of meriete wat reeds toegeken is, terug te trek indien 'n leerder nie aan die gedragskode van die skool voldoen nie of die skool se naam skade aandoen.

4. Merietetoekenings en erekleure sal slegs by die prysuitdelingsfunksie toegeken word, behalwe in die geval van matrikulante wat 'n toekenning ontvang sodra hy / sy daarvoor kwalifiseer.
5. 'n Leerder wat reeds erekleure vir 'n aktiwiteit ontvang het, kan die daaropvolgende jaar ook 'n merietetoekenning/hererekleure vir dieselfde aktiwiteit ontvang.
6. Die minimum vereistes vir die toekenning van **erekleure en meriete** word afsonderlik uiteengesit by elke aktiwiteit.
7. Spanne kwalifiseer vir erekleure onderhewig aan die volgende voorwaardes:
 - 7.1 Slegs eerste-of A-spanne van die skool kan erekleure verwerf.
 - 7.2 Dus kompetisie waaraan deelgeneem word, moet in die hoogste moontlike liga wees. Die eerste- of A-spanne moet ten minste in 'n B-liga deelneem.
 - 7.3 'n Individue kwalifiseer indien hy/sy aan die vereistes voldoen soos uiteengesit by afsonderlike items
 - 7.4 'n Deelnemer word geag as lid van 'n span indien hy/sy aan ten minste 80% van die ligawedstryde deelgeneem het. Indien geen liga bestaan nie, geld die optredes, vertonings, ensovoorts.

4. Brandwagmedalje

- 4.1 'n **Brandwagmedalje** word toegeken in gevalle waar die hoogste moontlike prestasie in 'n skoolaktiwiteit behaal word.
 - Dit moet 'n Brandwagaktiwiteit wees
 - Lid wees van 'n span wat die Noordvaalkompetisie / Nasionaal wen
 - Lid wees van 'n Brandwagspan wat die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wen
 - Leerder wat 'n eerste plek op 'n Suid-Afrikaanse kampioenskap behaal in 'n sportsoort wat by Brandwag aangebied word
 - Die Suid-Afrikaanse kampioenskappe moet 'n amptelike Suid-Afrikaanse kampioenskap wees.
- 4.2 In alle gevalle berus die toekenning van toekenings by die hoof en sy aangestelde komitee.
- 4.3 Geen toekenning sal gegee word indien 'n leerder nie in die spesifieke sportsoort/kultuuraktiwiteit vir die skool deelgeneem het nie.
- 4.4 Alle uitsonderlike gevalle sal op meriete hanteer word.

5. Brandwagpenning

'n **Brandwagpenning** word toegeken in gevalle waar die hoogste moontlike prestasie behaal word in 'n aktiwiteit wat **NIE** by Brandwag aangebied word **NIE**.

Dieselfde reëls wat geld vir die toekenning van 'n Brandwagmedalje, word vir die toekenning van 'n Brandwagpenning toegepas. (al is dit buite skoolverband)

Hertoekenings

'n Hertoekenning word gemaak indien 'n leerder vir 'n addisionele jaar aan meriete-of erekleurevereistes voldoen. By die hertoekenning van meriete en erekleure, ontvang 'n leerder weer 'n balkie.

1. AKADEMIE

Alle akademiese prestasies word uitgewerk op die 7 binne-kurrikulêre vakke. Geen ekstra vakke word in aanmerking geneem nie.

1.1 Sertifikate:

Sertifikaat word toegeken vir die volgende akademiese prestasies:

1.1.1 Gemiddelde persentasie (Benaderd)

Graad 8 :	80%	Graad 10 :	75%
Graad 9:	80%	Graad 11:	75%
Graad 12:	75%		

1.1.2 Vakpersentasie(Benaderd)

Graad 8:	85%	Graad 10:	80%
Graad 9:	85%	Graad 11:	80%
Graad 12:	80%		

1.2 Meriete

Word toegeken aan 'n leerder wat oor enige drie jaar 'n gemiddeld van 75% handhaaf. Dit word bereken op die promosiepunt aan die einde van elke jaar

- **of** 80% gemiddeld per jaar vir graad 10,11 en 12 vir enige jaar of
- **of** 85% gemiddeld per jaar, graad 8 en 9 vir enige jaar

1.3 Erekleure:

Word toegeken aan 'n leerder wat oor enige drie jaar 'n gemiddeld van 80% handhaaf. Dit word bereken op die promosiepunt aan die einde van elke jaar.

- of 85% gemiddeld vir enige jaar in graad 10,11, 12
- of 90% gemiddeld vir enige jaar in graad 8 en 9

1.4 Geskenkbewyse

Word vir die volgende prestasie toegeken:

Prestasie in bepaalde graad

Die drie leerders wat die hoogste gemiddelde persentasie in sy/haar 7 binne-kurrikulêre vakke vir graad 10, 11 en 12 behaal.

1.5 Trofee

Die beste presteerder vir elke graad ontvang 'n wisseltrofee, bereken op die gemiddeld van sy 7 binne-kurrikulêre vakke.

Vakprestasies (Lapelwapen)

Die leerders in graad 8 tot 12 wat die beste prestasie in 'n vak behaal, ontvang 'n minitrofee. Die gemiddeld van die vak moet ten minste 70% wees.

1.6 Musiek

(Alle verwysings na graad het betrekking op musiekgradering en nie skoolgrade nie).

1.6.1 Sertifikate

Vir eksterne eksamens (UNISA, ABRSM, ens) 80%

1.6.2 Trofee

- Vir beste prestasie per graad prakties (minimum 70%)
- Vir beste prestasie per graad teoreties (minimum 70%)
- Hier moet onderskei word tussen eksamineringsliggame (Unisa, Trinity, ens) aangesien standarde verskil.
- Word toegeken aan 'n leerder wat oor enige 3 jaar eksterne eksamens suksesvol afgelê het.
- Erekleure word toegeken aan 'n leerder wat oor enige 3 jaar 'n gemiddeld van 80% in eksterne eksamens gehandhaaf het.

OF

- wat 'n spesifieke jaar op Unisa se ererol (prakties bo 90%) vir uitblinkers verskyn of die **Hennie Joubert** musiekbeurs verower het. (Laasgenoemde word aan slegs 2 persone per graad landwyd toegeken). Medalje

1.7 Kunstrofee

Die trofee gaan aan 'n graad 12-leerder wat gedurende die senior fase van sy/haar skoolloopbaan die mees uitstaande praktiese werk gelewer het.

Die toekenning hou geen verband met die kunsgeskiedenis-komponent nie, maar is suiwer op die skilder-/grafiese en tekenwerke gerig. Slegs wanneer 'n leerder werklik uitstaande kunswerke lewer, word die trofee toegeken.

1.8 Dux-trofee

Word toegeken aan die leerder met die hoogste gemiddelde persentasie in graad 12; bereken op die 7 binne-kurrikulêre vakke

1.9 Brandwagmedalje

- Enige leerder wat 7 of meer onderskeidings in die graad 12 eindeksamen behaal het. 'n Leerder in graad 12 wat vanaf graad 8 tot 12 'n gemiddeld van 85% op sy jaarlikse promosiepunt behaal het.

2. SPORT**2.1 ATLETIEK****2.1.1 Sertifikaat**

'n Leerder moet lid wees van die Atletiekspan en aan minstens 80% van die byeenkomste deelneem.

2.1.2 Meriete

- Meer as 720 punte op die ASA-puntetabel tydens enige byeenkoms behaal

OF

- 3 jaar in die Interhoërspan
- Lid wees van die D17-span (Gauteng deelneem)
- Interhoër – 1ste plek

2.1.3 Erekleure

- Atleet wat 'n prestasie behaal wat gelykstaande is aan 'n puntetoekenning van 820 punte op die ASA-puntetabel.
- Lid wees van 'n provinsiale skolespan wat aan die skole SA-kampioenskappe deelneem. Deelname aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. (Gautengspan)
- D17 – 1ste plek

2.2 HOKKIE

Speelsters moet aan minstens 80% van alle ligawedstryde deelneem.

Die ligas waarin deelgeneem word, is Oos-Gauteng.

2.2.1 Sertifikaat

- 'n Leerder moet vir minstens een jaar lid wees van 'n span en aan ten minste 80% van die ligawedstryde deelgeneem het

2.2.2 Meriete

- 3 Jaar lid wees van 'n A-span
- Lid wees van 'n span wat die streekliga wen
- Lid wees van die provinsiale span wat die B-toernooi bywoon
- Lid van 'n span wat Super-Reeks wen

2.2.3 Erekleure

- Lid van 'n span wat Super-Reeks wen met 8 of meer skole
- Lid wees van die span wat wenner is van die Oos-Gauteng
- Lid van die span wat as nommer 1 deurdring na Noordvaalkompetisie.
- Lid wees van die span wat die kwartfinaal van die Noordvaalkompetisie wen
- Lid wees van die provinsiale A- of B-span wat 'n provinsiale A-toernooi bywoon.

2.3 NETBAL

Speelsters moet aan ten minste 80% van alle ligawedstryde deelneem
Die reserwes moet ten minste 80% van die wedstryde speel

Die ligas waarin deelgeneem word, is die Superreeks, die D6 (Ekurhuleni-B en GSN).

2.3.1 Sertifikaat

- 'n Leerder moet vir ten minste een jaar 'n lid wees van 'n span en aan ten minste 80% van die ligawedstryde deelgeneem het

2.3.2 Meriete

- 3 Jaar lid van die A-span
- Lid van 'n span wat die D6-liga wen
- Lid wees van die GSN-oefengroep
- Lid van 'n span wat Super-Reeks wen

2.3.3 Erekleure

- Lid wees van 'n span wat die Superreeks wen met 8 of meer skole
- A-span Ekurhuleni wenner
- Lid wees van 'n span wat GSN-verteenvoordig by die Noordvaalkompetisie
- Lid wees van 'n provinsiale A- of B-GSN-span
- Lid van die span wat deurdring na die Suid-Afrikaanse kampioenskappe

2.4 KRIEKET

Spelers moet aan minstens 80% van alle ligawedstryde deelneem. Die spelers wat die meeste kere die wedstryde begin het, kom in aanmerking vir die toekenning

Die reserwes moet ten minste 80% van die wedstryde speel, of deelneem aan wedstryd.

2.4.1 Sertifikaat

- 'n Leerder moet vir een jaar lid van 'n span wees en aan ten minste 80% van die ligawedstryde deelgeneem het
- 'n Vyftigtal behaal OF vier paaltjies in een wedstryd neem

2.4.2 Meriete

- Drie jaar lid van A-span waarvan minstens een jaar lid van die Eerstespan wees
- Lid wees van die span wat die streekliga wen
- Lid wees van 'n Streekspan wat 'n amptelike krieketweek bywoon
- Lid van oefengroep van Oostelikes
- 5 Paaltjies of 100 tal (in een wedstryd)

2.4.3 Erekleure

- Lid van die span wat die Ekurhuleni-ligakompetisie wen. (Deelname aan ten minste 80% van die ligawedstryde).
- Lid wees van die span wat die kwartfinaal van die Noordvaalkompetisie (GUNN & Moore-kompetisie) wen.
- Lid van die Oostelike Nuffieldspan wat aan die krieketweek deelneem
- 2 x 100 talle of 2 x 5 paaltjies

2.4.2 DOGTERSKRIEKET

2.4.2.1 Sertifikaat

- 'n Leerder moet vir een jaar lid van die span wees en aan ten minste 80% van die ligawedstryde deelgeneem het
- 'n Vyftigtal behaal OF vier paaltjies in een wedstryd neem

2.4.2.2 Meriete

- Drie jaar lid van die span wees
- Lid wees van die span wat in die streekliga speel
- 50 tal of 4 paaltjies (in een wedstryd)

2.4.2.3 Erekleure

- Vyf jaar lid wees van die span
- Lid wees van die span wat die streekliga wen
- 5 paaltjies of 100 tal
- Opgeneem word in die Oostelike/Easternspan

2.5 LANDLOOP

2.5.1 Sertifikaat

Een jaar lid van die landloopspan van die skool en aan ten minste 80% van die Distrik Landloopvereniging se byeenkomste deelgeneem het.

2.5.2 Meriete

- Drie jaar lid van landloopspan
- Lid wees van die D17 landloopspan en deelname aan Gauteng

2.5.3 Erekleure

- Lid van die Provinsiale Landloopspan
- Deelname aan die S.A.-kampioenskappe
- Span wat wenner is van van die D17
- Eerste pek individu D17

2.6 RUGBY

‘n Speler moet vir minstens 80% van alle ligawedstryde gekies word om in aanmerking te kom vir enige toekenning.

Die reserwes moet ten minste 80% van die wedstryde speel.

Ligawedstryde verwys na die Superreeks-liga, die Valke Hoërskole liga sowel as die Noordvaal Liga.

2.6.1 Sertifikaat

- ‘n Leerder moet vir een jaar lid wees van ‘n span en aan ten minste 80% van alle ligawedstryde deelgeneem het

2.6.2 Meriete

- Lid wees van die A-span wat Valke-Oos wenner is
- Lid wees van die B-span wat Valkewenners is, Noordvaal groep wen.
- Lid wees van ‘n Provinsiale span (A-, B- of C-span) wat in minstens 50% verteenwoordigende wedstryde speel.
- Drie jaar lid van ‘n A-span.
- Lid van ‘n span wat Super-Reeks wen
- **OF**
- Reserwe van 1ste span of span wat Superreeks gewen het met 8 of meer skole

2.6.3 Erekleure

- Lid wees van die A-span wat die Superreeks wen met 8 of meer skole
- Lid wees van die A-span wat die Valkewenners is
- Lid wees van die span wat die Noordvaal-kompetisie wen en nie gespeel het tydens die finale wedstryd nie
- Lid wees van die span wat minstens die kwart-finaal van die Noordvaalkompetisie wen.
- Lid wees van die Provinsiale span wat aan die Cravenweek deelneem
- Lid wees van die Akademiespan
- Grant Khomo week

2.6.4 Brandwagmedalje

- Lid wees van die span wat die Noordvaal-kompetisie wen en gespeel het tydens die finale wedstryd

2.7 **7'S RUGBY**

2.7.1 **Sertifikaat**

'n Leerder moet vir een jaar lid wees van 'n span en aan ten minste 80% van alle ligawedstryde deelgeneem het.

2.7.2 **Meriete**

- Lid wees van 'n span wat 'n afdeling in 'n kompetisie wen, bv. Bowl-afdeling (nie Shield nie)
- Span wat deurdring na "Cup" afdeling
- 3 Jaar lid van 'n A-span

2.7.3 **Erekleure**

- Lid wees van die A-span wat 'n kompetisie wen, m.a.w. beker-afdeling wen
- Lid wees van 'n span wat aan 'n nasionale kompetisie deelneem
- Lid wees van die provinsiale span wat aan Cravenweek deelneem
- Lid wees van 'n span wat kwalifiseer om aan die Noordvaalkompetisie deel te neem (Top 3 van dié provinsie)
- Lid wees van 'n span wat in top 4 van Valke kompetisie eindig (makro skole ingesluit)

2.7.4 **Brandwagmedalje**

- Gekies word vir die S.A. –span
- Lid wees van 'n span wat S.A. wen
- Lid wees van 'n span wat Noordvaal kompetisie wen

2.8 **TENNIS**

2.8.1 **Sertifikaat**

Een jaar lid van 'n span van die skool wat aan ten minste 80% van die ligawedstryde deelgeneem het

2.8.2 **Meriete**

- Lid van die A-span wat ligawenners is. (Deelname aan 80% van die ligawedstryde).
- Drie jaar lid van die A-span

2.8.3 **Erekleure**

- Lid van die Oos-Gautengspan. (Moet vir skoolspan speel).
- Lid van die span wat die finaal van Oos-Gautengspan wen (minstens B-liga)

2.9 **GHOLF**

- Daar is 'n A, B en C-liga. Soms word twee spanne per liga toegelaat.
- Om enige toekenning te behaal, moet 'n leerder ten minste aan 80% van die liga se wedstryde deelneem

2.9.1 Sertifikaat

- Die beste deelnemers aan die A, B en C-liga.

2.9.2 Meriete

- 'n Speler wat drie jaar lid is van die A-liga
- 'n Span wat die Ekurhuleni-liga wen

2.9.2 Erekleure

- 'n Speler wat gekies word om die skool te verteenwoordig vir 'n provinsiale span en sodoende ook provinsiale kleure verwerf het.

2.9.4 Trofee

- Speler wat vir die jaar die hoogste punte behaal of die laagste telling behaal. Die voorgree van spelers sal ook in ag geneem word asook hoe ver die speler in die seisoen gevorder het.
- Om enige toekenning te behaal, moet 'n leerder ten minste aan 80% van die liga se wedstryde deelneem.

2.10 RINGBAL

Speelsters moet aan minstens 80% van alle ligawedstryde deelneem

Die impakspelers moet ten minste 80% van die wedstryde speel

Die liga waarin deelgeneem word, is die Ekurhuleni-Noord Ringballiga. Slegs A-liga speel Interprovinsiaal.

2.10.1 Sertifikaat

- 'n Leerder moet vir minstens een jaar lid wees van 'n span en aan ten minste 80% van die ligawedstryde deelgeneem het.

2.10.2 Meriete

- Lid wees van 'n span wat die streekliga wen
- Lid wees van die A-liga vir drie jaar.
- Provinsiaal B-span

2.10.3 Erekleure

- Lid van die S.A. Internasionale span
- Lid wees van die S.A. (A-span)
- Wenner wees van die Interprovinsiale span o/17
- Provinsiaal A-span
- Lid wees van die S.A. Uitnodiging /Presidentspan

2.10.4 Brandwagmedalje

- Lid wees van die S.A. (A-span) wat SA-kampioenskappe wen
- Gauteng (o/17) SA's wen

2.11 SKYFSKIET

Slegs prestasies behaal tydens kompetisies wat onder SANSSU resorteer sal in aanmerking kom vir enige toekennings.

2.11.1 Sertifikaat

- 'n Skut moes aan ten minste 4 van 6 proewe deelgeneem het (deelname).

2.11.2 Meriete

- 'n Skut se gemiddeld van sy beste 4 proewe (met 3P behaal) moet gelykstaande of hoër as die volgende punte wees.

VEER	0/14	335
	0/16	400
	0/21	420
SPORTER	0/14	420
	0/16	450
	0/21	480
PISTOOL	0/14	265
	0/16	275
	0/21	285

Toekenning naam: bv. VEER O/14 telling van 430 behaal.

2.11.3 Erekleure

- ESSU kleure verwerf en die Nasionale SA's bywoon.
- Behaal 2de of 3de plek op Suid – Afrikaanse Kampioenskap algeheel saam 0/14 – 0/21.

2.11.4 Brandwagmedalje

- Behaal eerste plek by Suid Afrikaanse Kampioenskap algeheel 0/14 – 0/21.
- Lid van SANSSU BJI-span en in Brittanje deelneem. / (Ontvang SANSSU groen kleure).

2.11.5 Trofee:

- Sporter skut van die jaar.
- Veer skut van die jaar.
- Pistoel skut van die jaar.
- Volkaart trofee skut van die jaar.

2.12 SKAAK

'n Span bestaan uit 6/7 lede wat aan die Ekurhuleni-Noord Distriksliga deelneem

2.12.1 Sertifikaat

Lid van die liga-span.

80% bywoning van oefeninge.

2.12.2 Meriete

- Liga-wenners en lid van die Topskole span.
- Lid van die Ekurhuleni-span, mits die speler ook lid van die skoolspan is.
- Bywoon van 2 Ekurhuleni toernooie, mits die speler ook lid van die skoolspan is.

2.12.3 Erekleure

- Wenners/naaswenners van die Topskole kompetisie.
- Lid van Provinsiale/Nasionale-span
- Drie meriete sertifikate ontvang.

2.13 HENGEL

2.13.1 Sertifikaat

Deel van die skool hengels span

2.13.2 Meriete

- 3 jaar deel van die skool-span
- Liga wenners

2.13.3 Erekleure

- Word gekies vir provinsiale skole-span
- Word uitgenooi na Kampioen van Kampioene

2.13.4 Brandwag medalie:

- Wen victor of victrix ludorum by Nasionale Kampioenskappe (SA Kampioenskappe)

3. KULTUUR

Nasionale kompetisie: Daar moet uitdunrondtes betrokke wees anders geld die toekenning nie.

Sien afsonderlik onder elke afdeling.

3.1 INDIVIDUELE REDENAARS / INDIVIDUAL PUBLIC SPEAKING

Eerste verpligte deelname rondte is die interne Brandwag kompetisie. Leerders wat nie deur die skool na die interne kompetisie ingeskryf word nie mag self deur ouers ingeskryf word en erkenning onder redenaars verdien mits hulle in die Interne Brandwag kompetisie deelgeneem het.

Die volgende kompetisies sal erkenning ontvang onder redenaars:

- a. Interskole
- b. Radikale redenaars
- c. Op die tong af
- d. ATKV
- e. SALA

Redendaars kan slegs vir kunswedstryd tel indien dit nie onder *redenaars* erkenning kry nie omdat hierdie leerders nie in die Interne kompetisie deelgeneem het nie.

3.1.1 Sertifikaat

'n Spreker moet een jaar lank deelneem aan die skool se redenaarskompetisie.

3.1.2 Meriete

- 'n Spreker wat drie jaar lid is van die skool se redenaarspan
OF
- 'n Spreker wat deurdring en deelneem in die streekskompetisie (Individu).
OF
- Drie jaar volgehoue prestasie EN Wenner van interne kompetisie.

3.1.3 Erekleure

- 'n Spreker wat deurdring na die Gautengredenaars of die landswye kompetisie en 'n gemiddeld bo 90% bereik.
OF
- Indien die spreker een van die drie wenner is van 'n kompetisie op provinsiale vlak plaasvind waar minstens 3 provinsies deelneem en waar daar kan bewys word hulle het deur uitdunrondtes gegaan.
OF
- 'n Spreker wat onder die Top 5 by die landsfinaal is.

3.1.4 Brandwagmedalje

- Eerste plek by die Nasionale kompetisie waar minstens 3 provinsies deelgeneem het (moes ook deur uitdunrondtes gaan)

3.2 SPANREDENAARS / PUBLIC SPEAKING TEAMS

Eerste deelname is die verpligte interne Brandwag kompetisie.

Spanne wat nie deel vorm van die skool se spanne en deur die skool ingeskryf word nie mag na die interne kompetisie self deur ouers ingeskryf word en erkenning onder spanredenaars verdien mits hulle in die Interne Brandwag kompetisie deelgeneem het.

Die volgende kompetisies sal erkenning ontvang onder redenaars:

Die volgende kompetisies sal erkenning ontvang onder redenaars:

- Interskole*
- Radikale redenaars*
- Op die tong af*
- Artistatue*
- ATKV*

Spanredendaars kan slegs vir kunswedstryd tel indien dit nie onder spanredenaars erkenning kry nie omdat spanne nie aan die interne kompetisie deelgeneem het nie.

3.2.1 Sertifikaat

'n Span moet een jaar lank deelneem aan die skool se spanredenaarskompetisie.

3.2.2 Meriete

- 'n Span wat drie jaar lid is van die skool se redenaarspan
OF
- 'n Span wat deurdring en deelneem in die streekskompetisie (Span)
OF
- Drie jaar volgehoue prestasie. Wenner van die interne kompetisie.

3.2.3 Erekleure

- 'n Span wat deurdring na die Gautengredenaars of van die landswye kompetisie en 'n gemiddeld bo 90% bereik.
OF
- Indien die span een van die drie wenner is van 'n kompetisie op provinsiale vlak plaasvind waar minstens 3 provinsies deelneem en bewyse gelewer kan word dat daar uitdunrondtes was.
OF
- 'n Span wat onder die Top 5 by die landsfinaal is.

3.2.4 Brandwagmedalje

- Eerste plek by die Nasionale kompetisie waar minstens 3 provinsies deelgeneem het (moes ook deur uitdunrondtes gaan)

3.3 KUNSWEDSTRYD

- Slegs hoogste toekenning tel per item by dieselfde kompetisie. (Byvoorbeeld slegs een keer erkenning vir monoloog.)
- Slegs voorgeskrewe tekste soos verskaf vanaf die kunswedstryd sal afsonderlik punte behaal.
- Enige eie keuse tekste wat herhaaldelik gebruik word sal slegs die hoogste toekenning van net een ondergenoemde kunswedstryd tel. (Indien leerder bewys kan lewer dat ander tekste gebruik is.)
- Daar sal nationaal erkenning gegee word vir kompetisies wat deur vlakke gaan, en waar deelnemers as die veelsydigste of soortgelyk aangewys is.
- Deelname aan Redenaars en Public Speaking by ondergeboemde kunswedstryde sal onder kunswedstryd punte verdien nie onder redenaars of public speaking nie.
- Deelname aan Spanredenaars (behalwe Dell'Arte en Conspirito) by die ondergenoemde kunswedstryde sal onder kunswedstryd punte verdien nie onder spanredenaars nie.

Die volgende kunswedstryde sal in ag geneem word:

- a. Conspirito
- b. Dell'Arte
- c. SACOPA
- d. Pierneef kunstefees
- e. Talent Africa
- f. National Eistedfod of South Africa
- g. Nova Arte
- h. National Arts Association
- i. Vivarte
- j. Arbeat kunstefees
- k. Radikale redenaar kunswedstryd

Prestasies sal soos volg bepaal word:

- A - 1 (75% - 79%)
 A 2 (80% - 84%)
 A+ 3 (85% - 90%)
 A++ 5 (Diploma 90% - 94%)

A+++ 7 (Prestide 95% - 100%)

Item wenner 5 – (prestasi bo 90%)

Afdeling wenner / trofee 7 (prestasi bo 90%)

Uitvoerende kunste:

Brons – 1

Silwer – 2

Chroom – 3

Goud – 4

3.3.1 Sertifikaat

- Een jaar deelname aan minstens vier verskillende items by erkende kunswedstryde
OF
- 'n Leerder moet minstens 'n totaal van 20 punte in 'n jaar tydens 'n erkende kunswedstryd behaal

3.3.2 Meriete

- 'n Leerder moet minstens 40 punte in erkende kunswedstryde behaal

3.3.3 Erekleure:

- 'n Leerder moet minstens drie jaar onderskeidelik meriete behaal het
OF
- Minstens 80 punte in erkende kunswedstryde behaal het

3.3.4 Brandwagmedalje:

- Eerste plek (veelsydigste leerder / soortgelyk) by die Nasionale kompetisie waar minstens 3 provinsies deelneem (daar moet bewys gelewer word vanaf kompetisie organiseerders dat deelnemers deur uitdunrondtes gaan)

3.4 SKOOL – BEMARKINGSPAN

3.4.1 Sertifikaat:

- Een jaar lid van die skool-bemarkingspan

3.4.2 Meriete

- Twee jaar lid van die skool-bemarkingspan

3.5 TONEEL

3.5.1 Sertifikaat

Een jaar lid van 'n toneelgroep van die skool (Afrikaans of Engels) wat aan ten minste een georganiseerde kompetisie deelneem het (bv ATKV)

3.5.2 Meriete

- 'n Toneelspeler of lid van die verhoogspan wat 'n toekenning vir uitstaande individuele spel verkry tydens 'n erkende kompetisie
- 3+ jaar deelgeneem aan toneelgroep by Brandwag

3.5.3 Erekleure

- Lid van 'n toneelgroep wat aan 'n finale rondte (eindrondte) van 'n kompetisie deelneem.
- Enige besondere prestasie sal op meriete hanteer word.
- Toneelspeler wat 'n tweede keer 'n toekenning vir uitstaande individuele spel verkry.
- Lid van 'n toneelgroep wat streekswenners by ATKV-kompetisie is.

3.5.4 Brandwagmedalje

- Eerste plek by die Nasionale kompetisie (moet deur uitdunrondtes gaan)

3.6 SKOOLKOERANT

3.6.1 Sertifikaat:

- Even of twee jaar lid van die skoolkoerant

3.6.2 Meriete

- Drie jaar lid van die skoolkoerant

3.7 BOEKKLUB

3.7.1 Sertifikaat:

- Even of twee jaar lid van die boekklub

3.7.2 Meriete

- Drie jaar lid van die boekklub.

3.8 DEBAT

Verpligte deelname aan Conspirito debat kompetisie.

Leerders wat nie in Conspirito deelneem nie en self ingeskryf het vir ander kompetisies sal vir kunswedstryd erkenning kry.

Die volgende kompetisies sal erkenning ontvang onder debat:

- Conspirito Debat
- ATKV
- Dink en sink

3.8.1 Sertifikaat

- Sprekers moet een jaar lank deelneem aan die skool se debat kompetisie.

3.8.2 Meriete

- Sprekers wat drie jaar lid is van die skool se redenaarspan
OF
- Sprekers wat deurdring en deelneem in die streekskompetisie of provinsiale-kompetisie
OF
- Drie jaar volgehoue prestasie EN Wenner van interne kompetisie.

3.8.3 Erekleure

- Sprekers wat deurdring na die Nasionale kompetisie van die landswye deelname en 'n gemiddeld bo 90% bereik.
OF
- Indien die sprekers een van die drie wenners is van 'n kompetisie op provinsiale vlak plaasvind.
OF
- Sprekers wat onder die Top 10 by die landsfinaal is.

3.8.4 Brandwagmedalje

- Eerste plek by die Nasionale kompetisie waar minstens 3 provinsiesdeelgeneem het (moes ook deur uitdunrondtes gaan)

3.9 REVUE**3.9.1 Sertifikaat:**

- Een jaar lid van revuegroep
- Een jaar lid van sanggroep

3.9.2 Meriete

- Twee jaar lid van revuegroep
- Minstens drie jaar lid van die revuegroep
-

3.10 SANGGROEP**3.10.1 Sertifikaat**

Een jaar van die sanggroep met 80% deelname aan optredes

3.10.2 Meriete

- Drie jaar lid van die koor

3.12 WAGGIES HET TALENT

3.12.1 Sertifikaat:

- Een of twee jaar lid van WHT

3.12.2 Meriete

- Afdeling-wenner van WHT
- Minstens drie jaar deelname van WHT

3.13 POM-POMS

3.14.1 Sertifikaat en wapen:

- Een of twee jaar lid van die pom-poms

3.14.2 Meriete

- Drie jaar lid van die pom-poms.

3.16 MNR / MEJ BRANDWAG

3.16.1 Sertifikaat:

- Een of twee jaar lid van Mnr en Mej Brandwag

3.16.2 Meriete

- Mnr / Mej Brandwag

4 DIENS

- Krediet- en Debietpunte word teenoor mekaar opgeweeg. Daar sal gekyk word na die total (byvoorbeeld diens gelewer tydens skool of skoolaktiwiteite)
- Leerders met genoeg Kt-punte, maar te veel Dt –punte, sal nie kwalifiseer nie
- Jaar 1: 'n Geel wapen en 'n sertifikaat
- Jaar 2: 'n Groen wapen en 'n sertifikaat
- Jaar 3: 'n Wit wapen en meriete
- Jaar 4: 'n Volkleurwapen en erekleure

5 DEBUTANTE

5.1.1 Sertifikaat en wapen:

- 'n Debutant wat kwalifiseer, ontvang 'n sertifikaat en 'n debutantewapen sonder die skoolwapen tydens saal / vierkantopening

5.1.2 Meriete (Wapen / Balkie)

- Die drie top debutante van 'n jaar ontvang 'n debutantewapen met die skoolwapen tydens die prysuitdeling.
- 'n Debutant wat uitsonderlike diens / prestasie gelewer het, mag hiervoor in aanmerking kom (nie finansiële diens nie)

6. VLR en LEIERSKAP**6.1.1 Sertifikaat**

- Een of twee jaar lid van die VLR

6.1.2 Meriete

- Drie of vier jaar lid van die VLR
- Een jaar lid van die VLR-bestuur: Voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, tesourier en twee addisionele lede.

6.1.3 Erekleure

- Vyf jaar lid van die VLR
- Word as hoofleier aangestel

6.1.4 Trofeë

Word toegeken aan die nuutverkose hoofseun en hoofdogter.
'n Geskenkie (pennestel) word toegeken aan die uittredende hoofseun en –dogter

7. GETROUE SKOOLBESOEK**7.1.1 Sertifikaat**

- Word toegeken aan 'n leerder wat nie een dag gedurende sy / haar skooljaar afwesig was nie

7.1.2 Meriete

- Word toegeken aan 'n leerder wat nie een dag gedurende sy / haar vyf hoërskooljare afwesig was nie

7.1.3 Erekleure

- Word toegeken aan 'n leerder wat nie een dag gedurende 12 jaar afwesig was nie

8. SPORTMAN / SPORTVROU

- DATUM IN DAGBOEK SIT. DOEN AANSOEK

1. Veelsydigheid
2. Beste prestasie
3. Leierskap
4. Gesindheid

SKAAL: 5 4 3 2 1

VEELSYDIGHEID:

5. 3+sportsoorte
4. 2+sportsoorte+Buitemuurs
3. 1+sportsoort+Buitemuurs
2. 1+sportsoort
1. Slegs buitemuurs

BESTE PRESTASIE:

5. Nasionaal / SA-kampioenskap
4. Provinsiaal
3. Eerste- en A-spanne
2. B-spanne

LEIERSKAP:

2. Neem leiding
1. Neem gee leiding

GESINDHEID:

Bywoning van oefeninge
 Gemotiveerdheid
 Entoesiasme
 Houding teenoor afrigter
 Houding teenoor spanmaats

**9. VEELSYDIGSTE LEERDER
 (SLEGS GR 12 –LEERDER, GRAAD 12 SE PRESTASIES)**

- 1. SPORT**
- 2. KULTUUR**
- 3. AKADEMIE**
- 4. LEIERSKAP**
- 5. GESINDHEID**

1. SPORT	VEELSYDIGHEID	5 4 3 2 1
	PRESTASIES	5 4 3 2 1
2. KULTUUR	VEELSYDIGHEID	5 4 3 2 1

	PRESTASIES	5 4 3 2 1
3. AKADEMIE	5. TOP 5 4. TOP 10 3. TOP20 2. BO 60% 1. ONDER 60%	
4. LEIERSKAP	5. HOOFLEIERS 4. VLR 3. KAPTEINSKAP 2. NEEM LEIDING 1. GEEN LEIDING	
5. GESINDHEID	: BEELD VAN DIE SKOOL UITDRA : GEMOTIVEERDHEID / ENTOESIASME : HOUDING TEENOR PERSONEEL : HOUDING TEENOR MAATS	

10 KULTUURDOGTER / KULTURSEUN

- DOEN AANSOEK
- 1. Veelsydigheid
- 2. Beste prestasie
- 3. Leierskap
- 4. Gesindheid

SKAAL: 5 4 3 2 1

VEELSYDIGHEID:

- 5. 3+verskillende kultuuraktiwiteite (bv revue, kunswedstryd, redenaars) + Buitemuurs
- 4. 2+kultuuraktiwiteite + Buitemuurs
- 3. 1+kultuuraktiwiteit + Buitemuurs
- 2. 1+kultuuraktiwiteit
- 1. Slegs buitemuurs

BESTE PRESTASIE:

- 5. Nasionaal deelname
- 4. Provinsiaal deelname
- 3. Neem op distriksvlak deel
- 2. Neem op skoolvlak deel

LEIERSKAP:

- 2. Neem leiding
- 1. Neem gee leiding

GESINDHEID:

Bywoning van oefeninge

Gemotiveerdheid

Entoesiasme

Houding teenoor afrigter

Houding teenoor spanmaats

NB: Om in aanmerking te kom vir die toekennings moet die leerder aan ten minste twee verskillende soorte kultuur aktiwiteite deelneem, waarvan een op provinsiale vlak is.

PERSONEEL / AFRIGTERS BETROKKE BY AKTIWITEIT

ORGANISEERDER:.....

AKTIWITEIT:.....

[illegible]

Aktiwiteit:

1. Alle name moet asseblief gekontroleer word vir spelling.
2. Maak asseblief seker die graad is ook ingevul.
3. Geen name wat nie op die vorms is, sal getik word nie.
4. Daar is **5 vorms. 1-5**
 'n Leerder se naam kan nie vir deelname, asook meriete, vir dieselfde prestasie opgeskryf word nie. Leerder kry toekenning vir **HOOGSTE PRESTASIE**.
5. Maak asseblief seker van prestasie en toekenning. Bespreek eers met die Hoof.
6. Vergewis uself asseblief van trofeeë beskikbaar.